# 320 O Bethlehem ‘n plek so klein







Ons Heiland is gebore op so ‘n stille nag;
sy moeder was Maria na liefdeswaak en wag.
Die môresterre kondig die heilsgeboorte af;
hul lofsange maak bekend die heil wat Hy verskaf.

> Hoe saggies en hoe wonderlik het God se Seun gekom;
> terselfderwyse seën Hy die harte naby Hom.
> Geeneen sien hoe Hy nader maar as ons Hom bemin,
> dan neem die Heiland in ons hart die plek van boosheid in.

O Hemelkind van Bethlehem, ons bid U kom tog neer;
dryf uit ons sonde en kom in, gebore in ons weer.
Ons hoor die blye tyding deur engele vertel;
o kom na ons en bly in ons. o Heer, Immanuel.

Onbekend — Tradisionele Engelse melodie